**MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING**

**NOTULE VAN VERGADERING GEHOU TE WORD OP WOENSDAG, 7 AUGUSTUS OM 13:00 BY DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL - NOMMER 6/2019**

1. **OPENING EN VERWELKOMING – Frik Nel** open met gebed en Voorsitter verwelkom almal teenwoordig by die vergadering van die Midbrak Belastingbetalersvereniging (MBBBV).

2. **PRESENSIE**:
   1. Die volgende lede is afwesig met verskoning: Charl Coetzer, Flippie Bezuidenhout, Rdsl Anton Dellemijn, Jacques Bradley, Pieter le Roux, Andre Rayners (Munisipaliteit)

   2. Die volgende lede was teenwoordig:

      a. George Nezar (GN) (Voorsitter)
      b. Mike Wray (MW)
      c. Ann Pretorius (AP)
      d. Frik Nel (FN)
      e. Cecil Barry (CB)
      f. Buks Pieterse (BP)
      g. Sollie Grobler (SG)
      h. Rdsl Annatjie Janse van Rensburg (AJvR)
      i. Andre Smit (AS)

3. **LIEF EN LEED-** Flippie Bezuidenhout, ons wens hom 'n spoedige herstel na sy hartomlyning. Baie geluk aan Rdsl Anton Dellemijn en Cecile Barry met hulle verjaarsdag.

4. **GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING**
   NOTULE aanvaar deur Buks Pieterse geskondeer deur Ann Pretorius

5. **VERSLAG BOUINSPEKTEUR –**

6. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**

6.1 Rheebok Village groenstrook borde langs Impala straat – ***GN*** *brief aan Karel gestuur. Warren Manual responded: Our Town Planning Department will confirm ownership shortly as to this greenstrip.* ***Sal terugval na die munisipaliteit, wanneer Rheebok Village met 2de fase begin.***

6.2 ERF 664 trappe - *Die Munisipaliteit is dus nie verantwoordelik vir die onderhoud van die trap nie en is dit 'n privaat aangeleentheid tussen die 4 erf eienaars.* ***Rdsl Anton Dellemijn gaan met munisipaliteit praat. Munisipaliteit kan hulle nie verskoon van probleem nie. Kennisgewing moet gedien word aan eienaars. Rdsl AjvR – dit is 'n probleem wat aangespreek moet word. Skryf 'n bried aan die MM, sê ons kry geen verklaring .(BP) onwettige struktuur wat oop is vir die publiek. Die munisipaliteit moet toespan of afbreek. BP moet skrywe doen. DJ stuur alle korrespondensie aan BP.***

6.3 Erwe se skoon maak – Klagtes ontvang van inwoners oor erwe wat skoon gemaak moet word. *Waterbessiestr - Erwe 1499 en 1500; Wag-n-Bietjiesingel - Erwe 1402, 1428, 1443, 1444, 1485, 1486, 1487 en 1489*

**Terugvoer:** ***Charl Coetzer het na die erwe in Wag-'n Bietjie gaan kyk. Omdat die erwe nie genommer is nie, is dit moeilik om te bepaal na welke erwe verwys word. Al die erwe wat onbeboud is, sal nie volgens die munisipale kreteria kwalifiseer om skoon gemaak te word nie.***

***Die aansluiting van Reebok by Impala, het geen obstruksie na beide kante nie. CC sou graag Waterbessiestr se erwe wou besoek, maar kon nie die straat kry nie.***

***Persone wat oorgroeide erwe rapporteer, moet asb die straatnommer gee. CC sou graag saam met die persoon wat gerapporteer het, die erwe besoek.***

6.4 Eiendomsbelasting - AANSOEK OM PENSIOENKORTING 2019-2020

*Inligting is nou op MBBV Website, asook by die Munisipale kantore.*
*Daar is heelwat deernis gevalle in ons area (AJvR)*

6.5 Sypaadjies: H/V Impala & Reebok – renosterbosse is baie dig – (*BP )jy moet oor die streep ry om te sien wat aankom. Nog nie verwyder nie.*

H/V Reebok & Grysbok – bos oorgroei - (*BP ) Die munisipaliteit moet kom kap en skoonmaak op die skuishoek, kan nie aankomende verkeer sien nie.*

Sand nog steeds 'n probleem by Kruisbessie 11. Dit is deur gegee, wag vir terugvoering. – *Aangespreek om te verwyder. Kruisbessie 13. Eienaar gaan nie toemaak. Geen bou aktiwiteite op oomblik. Bou inspekteur moet hieraan aandag gee.*

Da Gama straat *– 2 bome aan regterkant oorkant Victoria straat verspêr uitsig en kan nie aankomende verkeer vanuit Impalalaan sien nie.*

6.6 Stank wat hang oor Fraaiuitsig en Reebok **–** *GN slegs as noorde wind waai. Kom vanaf riool werke en septiese tenke.* ***Elize Nel*** *moet gekontak word.* ***Daar is 'n probleem in Hildegaard. Eienaar gebruik riool om sy gras te bemes. Daar is 2 septiese tenks, maar blykbaar geen soak away en tenks moet weekliks gesuig word. (AJvR) 'n skrywe moet gerig word. Sam Bedell van gesondheid moet inspeksie gaan doen.***

**<u>7. FINANSIES</u> –** ***R500 petty cash word by Gleniqua Eiendomme gehou. BP & MW bevestig gaan geld trek. R50 al klaar in petty cash.***

## 8. <u>AANVULLENDE AGENDA EN NUWE SAKE VIR BESPREKING</u>

8.1 Erf 271 en 264 – FB veldtog – Rdl Anton

8.2 Vloei van stormwater na laerliggende erwe.(Hofuitspraak)*Laer geleë erwe moet water ontvang. Indien daar* ***oordadige*** *water toevloei is a.g.v. plaveisel, moet daar 'n pyp deur boonste erfeienaar aangelê word om dit te herlei na straat. Kan nie in riool lyn ingaan nie.*

8.3 Die straatlig waar dit na Wildeperskelaan afdraai brand nie in die nag nie en maak dit dus moeilik om te sien in die donker. Sollie stel voor dat 'n bord uit by die afdraai uit R102 by Dagamalaan vir "Fraaiuitsig" en een by Wildeperske vir "Reebok" geplaas word. Dit sal ry saans veral vergemaklik. Sollie *– Reeds aangespreek en wag vir terugvoering.* ***GN***

8.4 Daar is min of geen reaksie t.o.v. items. Byvoorbeeld, aanmelding van padmerke wat total onleesbaar is. Hierdie is veral opmerklik die afgelope paar maande. – CB *Waar daar slurry seal gegooi is, is die padmerke nie meer sigbaar. Skrywe moet asb gerig word rakende die probleem. AS: H/V Seeperdjie en Impala het dieselfde probleem.*

8.5 Krag onderbrekings – (***FN***) Frekwensie van onderbrekings is hoog. Reebok & Fraaiuitsig altyd sonder krag – tot 2x per dag as wind waai. Nuwe toerusting het Mosselbaai toe gegaan en ons het hulle (2de handse ) toerusting gekry. ***GN*** – was by buurtwag ook bespreek. Munisipaliteit gee antwoord as 1.Kabel diefstal 2. Wind waai kabels teenmekaar en dan is daar 'n kortsluiting. ***FN*** – dieselfde ou stories wat hulle altyd sê. (***AJvR***) ons moet 'n media verklaring kry oor wat gedoen gaan word rakende die probleem. ***GN*** – besprekings onderwerp 4 September by ope vergardering.

8.6 Waterbeperkings –(***FN***) Water probleem oppad. Munisipaliteit het geen waterplan. Die een dam is 2% vol by Hartenbos en die Wolwedans dam is 52% vol. (***BP***) Die munisipaliteit kry 7.5 mega litters vanaf PetroSa, sal dit moontlik wees om dit te verdubbel na 14 mega litters sonder ekstra koste aan die verbruiker? GN – besprekings onderwerp 4 September by ope vergardering.

8.7 Estuary – (**SG**) ***Daar gaan 'n probleem kom by die monding van die Kleinbrakrivier. AJvR het dokumentasie wat sys al aanstuur vir GN. (FN) Die riviermond moet eers oorstroom om natuurlik oop te gaan. GN – MBBV neem kennis***

8.7 Beyersstraat – ***AjvR Inwoners kla daar is te veel lig. Die 14 lampe moet verminder word. Die spreiligte by Powertown en Van der Riet straat moet vervang word met rooiligte, sodat dit nie die vislewe beinvloed.***

**9.Website instandhouding – Klaus Oellrich –** Ons E-posadres info@midbrakratepayers.co.za

**10.BYWONING MUNISIPALE KOMITEE-RAADSVERGADERINGS – KENNISNAME**

***AjvR sal vir GN stuur wat van belang is vir Midbrak***

11. **WYKSKOMITEES –**

***IDP vergardering 20 Augustus – Grootbrak 21 Augustus - Reebok***
***Wyk 4 – 13de Aug - Sandhoogte en Lang straat pad***
***17 Aug Wyk 4&5 kapasiteitsvergardering 8:00vm***

12. **BEWAREA - midbrak conservancy/bewarea – facebook**

13. **PROJEKTE – TRIMPARK** ***Bewarea gaan bome naambordjies gee. Daar word 'n lig benodig by die trimpark***

14. **POLISIëRING/BUURTWAG** - JACQUES

14.1 Misdaad – verslag ***Julie 2 inbrake in ons gebied***

14.2 Huisnommers ***Baie belangrik sit dit op asb***

15. **KORRESPONDENSIE – Geen**

16. **PLAASLIKE SAKE**

| | | |
|---|---|---|
| 16.1 **De Lange Uitbreiding** | Ann Pretorius | ***Pad vanaf R102 is nou baie skade met baie gate. Munisipale pad of eienaar van area?*** |
| 16.2 **Toekoms** | | |
| 16.3 **Rheebok Village/Groenkloof** | Andre Smit | ***Blou sakke nog probleem*** |
| 16.4 **Fraaiuitsig** | Frik Nel en Charl Coetzer | |
| 16.5 **Tergniet** | | |
| 16.6 **Tergniethoogte** | Mike Wray en George | ***Groenstrook by pompstasie nog steeds nie skoon gemaak nie.*** |
| 16.7 **Reebokhoogte** | Jacques Radley | |
| 16.8 **Reebokrif** | Buks Pieterse | ***Finansie 15% verhoging in eiendomsbelasting, op huidige waarde van eiendom.*** |
| 16.9 **Reebok :Noord** van die Spoorlyn<br>**Suid** van die Spoorlyn | Sollie Grobler<br>Cecil Barry | ***Grysbok se spoedhobbels het geen borde of merke op pad wat dit aandui nie. Het met Tiaan de Jager gepraat oor kontak person vir M/Baai wat kan help met die infrastrukttur met spooroorgang*** |

| | | |
|---|---|---|
| | | ***by De Jager straat.*** |
| 16.10 **Klein Brakrivier** | Pieter le Roux | Heynsstraat se trappe? |
| 16.11 **Riverside** | | |

17.**ALGEMEEN:**

| ***MBBV&B AKTIWITEITSLYS 2019*** | |
|---|---|
| ***Onderwerp*** | ***Bespreking*** |
| ***1. Midbrak N2/R102 Ontwikkeling – voorgestelde grondgebruik verandering vanaf landbou of onbepaalde gebruik of 'n soortgelyke sonering na enige ander grondgebruik vir dorpstigting*** | *SEPT 2019* |
| ***2. Sake by Munisipale Regsafdeling:*** | ***Rdl Anton*** |
| ***a.Tennisbane – Klein-Brakrivier (navraag oor eiendomsreg)*** | *Bewarea* |
| ***b. Erf 264 en 271, Reebok (vordering van eiendomsreg)*** | *Bewarea/**Rdl Anton*** |
| ***3.SPOOROORGANGBLOKKE*** | ***C BARRY*** |

18. **VOLGENDE VERGADERING Die volgende vergadering sal op Woensdag, 4 September 2019, om 18:00 by Reebok Gemeenskapsaal plaasvind.**

**Indeling van portefuljes.**

**1. Sekretariaat**

| | |
|---|---|
| Regsdienste | George Nezar |
| Admin Dienste | Mike Wray |
| Verenigings Bestuur Informasie , Kommunikasie Dienste en Media skakel | Mike Wray |
| Webtuiste | Klaus Oellrich(kennisname) |

**2. Kooperatiewe Dienste**

| | |
|---|---|
| GOP Proses | George Nezar Wyk 5 |
| Begrotingsmonitering en uitvoering | Buks Pieterse Wyk 4 |

**3. Ekonomiese Ontwikkeling**

| | |
|---|---|
| Bewaria- Land, Kus en Kleinbrak rivierstelsel | Matthew Thorpe (kennisname) |
| Toerisme | Ann Pretorius |
| Dorp en streeksbeplanning en Ontwikkeling | Pieter le Roux |
| SMME | Buks Pieterse |

**4. Infrastruktuur Dienste(Tegnies & Geintegreerde)**

| | |
|---|---|
| Water | Cecil Barry |
| Riool | Frik Nel |
| Paaie en Stormwater | |
| Elektriese Dienste | Sollie Grobler |

**5. Gemeenskaps Dienste**

| | |
|---|---|
| Veiligheid | Jacques Radley |
| Rampbestuur | Buks Pieterse |
| Skoonmaak van erwe & groengordels | Charl Coetzer |
| Afval bestuur Gemeenskapsale | |